e Hervormer

WEEKLIKSE NUUSBRIEF MET KOMMUNIKASIE EN KOMMENTAAR

18 September 2008
Jaargang 1 – Uitgawe 28

In hierdie uitgawe...

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Die basisdokument vir hierdie *e-Hervormer* is die Kerknuusberigte wat op 16 September 2008 uitgereik is deur dr Fanie Pretorius, sekretaris van die kantoor van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering.

VOORBLAD

Kommunikasie en kommentaar

Die persepsie bestaan soms dat die redaksie van die *e-Hervormer* eenstemmig is oor alle aangeleenthede. 'n Indruk of beskouing wat in 'n voorbladberig weerspieël word, word dan gesien as die mening van die redakteur en sy redaksie, of selfs van die Hervormde Kerk. Dit is nie die waarheid nie. Die redaksie is saamgestel uit goedgeaarde en denkende ampsdraers en personeel van die Kerk, wat genadiglik ook 'n verskeidenheid standpunte het. Ons sou dit nie anders wou hê nie. Op dié manier weerspieël die inhoud en menings van die redaksie ook die verskeidenheid beskouings van ons lidmate.

Daar is op die oomblik heelwat gebeure waarvan ons kennis neem, maar waarop ons nie nou reageer nie. Daar is die pogings om vrede en stabiliteit in Zimbabwe te bewerkstellig, maar 'n mens kan maar net na die aangewese president se lyftaal kyk om onrustig te wees. Daar is bemoedigende tekens dat die regstelsel in Suid-Afrika nie onder politieke druk sal swig nie, maar die massas se persepsie van uitsprake is nie altyd korrek nie. Inisiatiewe van organisasies om die Afrikanergemeenskap te bemagtig, maak 'n mens opgewonde, omdat dit langtermynprojekte is wat mense sal leer om hulself op te hef. Die voortstuwende gewildheid van die sogenaamde *boereprofeet,* nou selfs met 'n beplande saamtrek in Soweto, maak sommige mense steeds geesdriftig en ander benoud, maar ons vertrou dat lidmate ook hierdie saak, soos alle ander, met die nodige voorbehoud en verantwoordelikheid sal benader.

Die afgelope 27 uitgawes van die *e-Hervormer* is met groot entoesiasme saamgestel deur ds Marthinus van Staden, met die hulp die afgelope paar weke van ds Deon du Toit. Ds Van Staden het egter die beroep na Gemeente Gaborone in Botswana aanvaar, en die samestelling van die Kerk se weeklikse elektroniese nuusbrief sal nou volledig by SENTIK geskied, steeds onder redakteurskap van prof Piet Geyser en met die Kerknuus van dr Fanie Pretorius as basis.

Dit bly 'n voorreg om ook op hierdie manier met lesers binne en buite die Hervormde Kerk te kommunikeer.

– **Redaksie**

Kontakbesonderhede:

Webwerwe/-skakels:
Webblad van die Hervormde Kerk - www.nhk.co.za
Hervormer webwerf - www.hervormer.co.za
e-Hervormer - www.hervormer.co.za/page03.html
Hervormer LIG! - www.hervormer.co.za/page04.html

E-posadresse:

Redaksie -
epos@hervormer.co.za
Nuus en berigte - nuus@hervormer.co.za

Inhoud:

Die *e-Hervormer* word uitgegee onder redaksie van *Die Hervormer*.
Alle artikels, advertensies en kennisgewings is onderhewig aan goedkeuring deur die redaksie.

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos na epos@hervormer.co.za of besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en kliek op die 'Teken in'-opsie.

BEROEPE EN STANDPLASE

Beroep ontvang

Ds Chris Liebenberg van Grootvlei na Warmbad

Ds André Oberholzer van Losberg na Koedoesrand

Behoud van ampsvoorreg

Beroepafwagtende predikante moet voor 31 Oktober jaarliks aansoek doen by die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) vir die behoud van hulle ampsvoorreg en, waar van toepassing, vir preekvergunning.

Vakante standplaas: Gemeente Kampersrus

Gemeente Kampersrus in Hoedspruit se voltydse standplaas is vakant. Die gemeente is besig om 'n groslys saam te stel en sal teen einde Oktober beroep. Geordende predikante van die Hervormde Kerk wat 'n beroep na hierdie gemeente sou oorweeg, word genooi om hulle name, kontakinligting en besonderhede van hulle bedieningservaring voor 15 Oktober 2008 aan die skriba van die gemeente, oudl Chris Joubert, deur te gee: tel 083 289 0629; e-posadres cjjdagbreek@gmail.com. 'n Volledige uiteensetting van die profiel van die gemeente sal op aanvraag beskikbaar gestel word.

Vakante standplaas: Gemeente Greylingstad

Gemeente Greylingstad se deeltydse standplaas is vakant. Die gemeente het 85 belydende lidmate en naastenby 50 besoekpunte. Daar word een erediens elke Sondagoggend gehou. Verdere funksies wat deur die predikant verrig word, kan gereël word op 'n weeklikse, maandelikse of kwartaallikse basis soos deur die predikant en die kerkraad ooreengekom. Predikante/proponente van die Kerk kan 'n CV, met vermelding van bedieningsvoorkeure asook inligting oor hul huidige situasie en beperkinge, rig aan die skriba van die gemeente, mev Sarie Pieterse, by Posbus 124, Greylingstad 2415, of per e-pos aan sarwipi@telkomsa.net. Skakel haar by 082 903 4336 indien u meer inligting verlang. Die sluitingsdatum is Dinsdag 30 September 2008.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Dr Gerrie en mev Marie Bloem** neem op Sondag 21 September 2008 afskeid van Gemeente Oos-Londen, waartydens dr Bloem ook emeritaat aanvaar. Dit sal plaasvind in die vorm van 'n erediens, waarna die gemeente gesellig sal verkeer en die eregaste saam 'n ete sal geniet by die Buffs Club. Dr Malan Storm, Skriba van die Kommissie van die AKV, sal groete oordra en die akte van emeritaat oorhandig. Oudl Peet Swanepoel sal as seremoniemeester optree, prof John Gericke namens die ring van Oos-Kaapland, oudl Christo Jacobs namens die gemeente en mev Ida J van Rensburg namens die NHSV.

  Dr en mev Bloem gaan hulle in Stilfontein vestig, en dr Bloem sal beskikbaar wees om in gemeentes te preek en met pastorale versorging te help.

- **Ds Kobus Swart**, deeltydse predikant van Secunda, het besluit om van lewenstaat te verander en as lidmaat van die Kerk te bedank. Die Kommissie het hom uit sy amp onthef. Ds Swart het in die gemeentes Ladysmith, Steelpoort en Secunda gewerk.

- **Mnr Francois Evert**, voormalige predikant van die Kerk, se aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening is verder deur die Kommissie van die AKV behandel by sy vergadering op 11 en 12 September. Mnr Evert is na die Proponentseksamenkommissie verwys vir die proponentseksamen.

- **Ds Milankie van der Walt**, tans woonagtig in Windhoek in Namibië, is op haar versoek deur die Kommissie van die AKV beroepbaar gestel nadat sy besluit het om haar voltydse studie te staak. Ds Van der Walt se moeder is tans ernstig siek met kanker.

- Die Kommissie het **ds CJ van Wyk**, predikant van Randburg, benoem as die Kerk se verteenwoordiger by die Independent Forum for Religious Broadcasting (IFRB). Ds Van Wyk sal aan die Kommissie verslagdoen oor die werk van die IFRB.

- **Ds Louis Pienaar** van Gemeente Pretoria en sy dogter is onlangs by hulle tuiskoms oorval en beroof. Adv Linda Pienaar, die eggenote van ds Pienaar en 'n lid van die Raad vir Regsadvies, sit haar werk voort nadat sy weer voetoperasies moes ondergaan.

ANDER NUUS

- Die Komitee vir Kerk en Teologie beplan saam met prof Theuns Dreyer en die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) 'n **opedag** vroeg in 2009. Dit sal die eerste wees van 'n reeks opedae waarop die teologiese vraagstukke van die dag bespreek sal word.

- Die Kommissie van die AKV het dr Daan van Wyk (jr) versoek om 'n **bekendstellingsdokument** oor die Kerk en haar belydenis in Engels te skryf vir plasing op die Webblad. Lidmate en ampsdraers benodig dikwels so 'n dokument wanneer hulle die buiteland besoek of emigreer.

- Dr Elsabé Kloppers, direkteur van die Instituut vir Kerkmusiek in Suid-Afrika (IKSA), pleit dat die orrel in die erediens behou moet word. Tans is daar egter heelwat gemeentes wat nie 'n orrelis kan bekom nie en verplig is om van CD-begeleiding gebruik te maak. Dr Kloppers sê dat **'n stel CD's met al die Psalms en Gesange** daarop van die NG Kerk verkry kan word.

- Lidmate is soms besorg oor die moontlike skepping van **nuwe poste** by die Kerkkantoor of in die Kerk terwyl gemeentes finansieel swaarkry. Geen pos wat sedert die Algemene Kerkvergadering verlede jaar gevul is, was egter 'n nuwe pos nie. Dit is poste wat reeds deur die AKV goedgekeur is en wat vakant was. Sommige van die poste is selfs saamgevoeg om dit meer doeltreffend te maak en koste te bespaar.

- Die Kommissie van die AKV het die versoek van die Raad vir SENTIK om 'n **Jeugwerkspan** saam te stel om aan 'n *Bybelse Dagboek vir Jongmense* te begin werk, goedgekeur. Die volgende predikante word by die werk betrek: Di Marthinus van Staden (sameroeper), Thinus van Staden, Marna van der Westhuizen, Thomas Dreyer (Wapadrant) en drr Wilhelm Coetzer en Wouter van Wyk. Die span sal spoedig met die werk begin.

- Die **pryse vir die Kerk se gereelde publikasies** vir 2009 is soos volg deur die Kommissie van die AKV goedgekeur:

  Almanak en Bybelse Dagboek R90
  Konteks (10 uitgawes per jaar) R110
  Die Hervormer (12 uitgawes) R70

  Kerkrade word versoek om groot erns te maak met die werwing van intekenare vir *Konteks* en die *Almanak* en *Bybelse Dagboek*. Kerkrade word ook versoek om genoeg eksemplare van *Die Hervormer* te bestel, sodat elke gesin toegang tot die Kerk se amptelike mondstuk kan hê.

- Die Kommissie het besluit om twee afgevaardigdes na die Algemene Vergaderings van die Reformed Ecumenical Council **(REC/GER)** en die World Alliance of Reformed Churches **(WARC)** te stuur in 2010. Dr Daan van Wyk (jr) sal namens die Kommissie die vergaderings bywoon en die Raad vir Ekumene sal een van sy lede as die tweede lid van die afvaardiging stuur. Die Kerk het lidmaatskap by die GER, maar slegs waarnemerstatus by die WARC. Die twee liggame sal binnekort saamsmelt. In opdrag van die AKV is die Kommissie in gesprek met die WARC oor sy aansoek om lidmaatskap. Ouderlingevergaderings, Ringskomitees vir Predikante en ringsvergaderings sal voortdurend hieroor op die hoogte gehou word.

- Op Sondag 21 September word die **deurkollektes** van gemeentes geoormerk vir **bejaardeversorging.**

- Emeriti wat 'n **nuwe Kerkorde** wil bekom, kan dit by die kantoor van dr Fanie Pretorius afhaal, of met mev Karen Breedt in verbinding tree by 012 322 8885 of karen@nhk.co.za.

- Dit is weer tyd om aansoek te doen vir subsidie uit die **Fonds vir Gemeenteopbou**. Aansoekvorms moet slegs na ringskribas versend word. Dit is die verantwoordelikheid van die ringskriba om die aansoekvorms te versprei aan gemeentes binne die ring wat wil aansoek doen om subsidie. Indien u as gemeente graag wil aansoek doen om subsidie, moet u asseblief u ringskriba kontak. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2008.

- **Vergaderings in die komende week**
  - Dagbestuur van die Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV) op Vrydag 19 September om 07:00.
  - Direksie van **to care** op Dinsdag 23 September om 14:00.

ADVERTENSIES

- Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO) hou vanjaar hul tweede **gholfdag** by die Pretoria Country Club. TOIBO is die borgliggaam vir vyf skole, naamlik Transoranje-skool vir Dowes, Prinshof Skool vir Gesiggestremdheid, Transvalia-skool vir Epileptici, Sonitus Skool vir Gehoorgestremde Kinders, en Martie du Plessis Skool vir Serebraalgestremdes. Die hoofdoel van die gholfdag is om fondse in te samel om die druk te verlig wat behoeftige leerders op die begroting van ons skole plaas. Bydraes van die stigterslede het die afgelope jare afgeneem en dit het nodig geword om meer fondsinsamelingspogings aan te pak om tekorte te beperk. Die sukses van so 'n gholfdag word grootliks bepaal deur die pryse wat aangebied word. Enige bystand daarmee sal waardeer word.

  Vir meer inligting, inskrywings of borgskappe, kontak Karin du Toit by 012 320 7644 of stuur 'n e-pos aan toibo@nhk.co.za.

Datum:	7 November 2008
Plek:	Pretoria Country Club
Inskrywing:	R400 per persoon

- **Pa-en-seun-kamp**
  Kom ervaar 'n avontuurnaweek vir pa's en seuns van alle ouderdomme, op die RAU-eiland in die Vaalrivier.
  Tema: *Verstaan hoekom ons mekaar nie verstaan nie*.
  Datum: 26-28 September 2008.
  Koste: R450 per persoon. Dit sluit in vervoer, alle etes, gerieflike verblyf, alle aktiwiteite en kosbare herinneringe vir 'n pa en seun.
  Kontak: Di Deon du Toit 082 894 5751 of Petri van Rooyen 083 662 2804 om in te skryf.

- **Laudate dominum.** ’n Fees van geestelike koormusiek en sang.
  Sondag 21 September 2008 – 15:00. Hervormde Kerk Kemptonpark-Oos, Westweg 74, Brentwoodpark.
  Toegang R50 (verversings ingesluit). Geen bespreekte plekke. Kontak Bennie Bierman by 082 377 3412.

- **NHSV beurse en lenings 2009**
  Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Lenings/beurse van die NHSV wissel van R500 tot ’n maksimum van R3 000. Aansoekvorms kan van die NHSV kantoor aangevra word: telefoonnommer 012 325 0117; e-posadres nhsvhoofbestuur@nhk.co.za. Sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November jaarliks. Geen laat aansoeke word aanvaar nie. Vir verdere inligting, kontak asseblief die NHSV kantoor.

AGTERBLAD

Bybelse Dagboek 2009 as Kersgeskenk!

***Bybelse Dagboek 2009* is die ideale Kersgeskenk vir ouers, kinders in die koshuis of in die buiteland, of vir vriende. Dit is ’n kosbare weerspieëling van die sobere teologie waarmee Hervormde lidmate grootgeword het.**

Gedurende November word die *Bybelse Dagboek 2009* vrygestel. Vir die eerste keer toon die formele samestelling van die *Bybelse Dagboek* sy selfstandigheid, omdat dit nie weer as bylaag tot die *Almanak* gedruk is nie, maar saam met die *Almanak* in ’n omkeerpublikasie aan mekaar gebonde is.

Die dagstukkies behandel die Skrifgedeeltes in ’n chronologiese volgorde, en dra so by tot die leser se kennis van die Bybel. Die redakteur, ds Piet van der Merwe, en sy span entoesiastiese medewerkers het skrywers oor die hele spektrum van die Kerk gekry om in eenvoudige en verstaanbare taal die kernwaarhede van die evangelie oor te dra. Daar is bydraes van gerespekteerde emerituspredikante, Hervormde dosente, vrouepredikante en jong beroepafwagtendes. Daarom spreek die boodskappe ook tot die wye verskeidenheid lidmate van ons Kerk.

Hoewel die redaksie van mening is dat ’n gebed ’n besonder persoonlike karakter het, is enkele gebede wel in die *Dagboek* opgeneem. Elke dagstukkie verwys na die ooreenstemmende Bybelgedeelte en ’n gepaste Gesang of Psalm word voorgestel wat saam met die dagstukkie gelees of gesing kan word. Dit is veral nuttig vir gesinne wat die *Bybelse Dagboek* tydens hulle gesamentlike huisgodsdiens gebruik. Die Kerklike Feesdae van 2009 word ook aangedui.

Dus: Bestel die *Almanak* óf die *Bybelse Dagboek* teen net R90, en kry twee pragpublikasies vir die prys van een!